Hasie Kwassie

GRAAD R & GRAAD RR

Laerskool VAN RIEBEECKPARK Primary

DOELGERIG

Kwetter Letter

NOMMER 37 VAN 2021 : 25/11/2021

= Lees asseblief alle inligting =

1. PERSONEEL BOODSKAP

HASIE KWASSIE <u>verdaag tussen 11:15 en 11:30</u>

Kom ELKE DAG skool toe.

Ons gee ons BESTE tot aan die einde van die jaar.

Ons is besig om vir die GRADEPLEGTIGHEID te oefen.

Dit gaan 'n spesiale oggend wees 😊

2. Verjaarsdae

- Baie geluk aan ons maatjies wat in DESEMBER verjaar. Geniet elke oomblik van jul spesiale dag!

Juffrou Lynette	:	Luan 11/12
Juffrou Cathy	:	Miguel 05/12; Nathen 21/12
Juffrou Anke	:	Luan Stoltz 19/12; Arijan 23/12; Luan Schutte 26/12
Juffrou Sonja	:	Thotho 07/12; Hlohli 08/12; Sino 20/12

<u>NB</u>: Ons weet verjaardae is baie spesiaal, maar ons kan ongelukkig geen verjaardagpakkies, "cupcakes" of enige versnapperinge by die skool toelaat in die tydperk van Covid nie.

3. Buitemuurse aktiwiteite

Maandag	-	Playball ; Drama ; Ballet
Dinsdag	-	Gholf ; Swem
Woensdag	-	Netbal ; Rugby Akademie - (**Onthou tekkies**)
Donderdag	-	Swem ; Tennis - (**Onthou tekkies**)
Vrydag	-	Dance Mouse

Playball	Debbie 082 440 4708	Gholf	Jonathan 074 369 0253
Swem	Ellen 082 920 8747	Ballet	Karlien 083 297 5714
Netbal & Rugby Akademie	Venessa 083 660 4707 Dawid 081 575 2682	Tennis	Diaan 071 895 1619
Dance Mouse	Elden 078 998 3688	Drama	Lydia 073 829 0593

Onthou asseblief:

- **Alle buitemuurse aktiwiteite wat aangebied word, is onderhewig aan weerstoetstande.**
- **Indien dit reën, kan die aktiwiteit nie plaasvind nie.**
- **Kontak asseblief die betrokke afrigters direk indien u enige navrae het.**

4. Tema vir die week

29/11/2021 – 03/12/2021
SPORT / VERSKILLENDE SPORT-SOORTE

5. Opvoedkundig

5.1 Graad R & Graad RR leerders

- 25 November : Leerders ontvang ekstra skryfbehoeftes. Hou dit asseblief tuis.
- 30 November : Stoelsakke, alle skryfbehoeftes en legkaarte gaan huis toe.

Belangrik:

Leerders moet asseblief vanaf 1 Desember 2021, ELKE DAG die volgende items **in hul tas** skool toe bring:

'n Inkleurboek, met skêr, gom en uitdraaikryte in 'n pennesakkie.

- 01 Desember : Spogsakke, DBE boeke en alle werkstukke vir die jaar gaan huis toe. Kyk na u kind se harde werk en vordering en spog daarmee. MOET DIT ASSEBLIEF NIE WEER TERUGSTUUR SKOOL TOE NIE.

6. Algemeen

6.1 BELANGRIKE DATUMS

Teken asseblief die volgende belangrike datums in u dagboek aan :

Donderdae	**Nuusboek**
Vrydae	**Nuusboek terug**
02 Desember	Gr.1 ouer-inligtingsaand (slegs vir ouers)
08 Desember	Gradeplegtigheid
15 Desember	Skool sluit

- *HOU ASSEBLIEF DIE KWETTER LETTER DOP VIR MEER INLIGTING RAKENDE DIE BOGENOEMDE.*

Hierdie program is onderhewig aan veranderings
Verwys ook na die Riebie-Klanke
Web & D6

6.2 KONTAK SKOOL

- Indien 'n Hasie Kwassie personeellid gekontak moet word, skakel asseblief tussen **10:30 en 11:00** en vra om met u kind se Juffrou te praat.

6.3 GR 1 (2022) - INLIGTINGSAAND

- DATUM : **2 DESEMBER 2021**
- PLEK : SKOOLSAAL
- TYD : Registrasie en sanitasie vind plaas vanaf 16:30 - 16:55
  Verrigtinge **begin stiptelik om 17:00** en verdaag om 18:00

Reëlings vir die aand

- Ons rig 'n vriendelike versoek dat **slegs** OUERS/VOOGDE die geleentheid bywoon.
- Graad 1 leerders sal op 10 Januarie 2022 die geleentheid kry om hul klas te besoek en Juffrou te ontmoet.
- Maak gebruik van die Graad 1 hek aan die Noordekant van die skool (speelgrondhek by die Grondslagfase klaskamers in Rustiglaan).
- Covid-protokol sal gevolg word (hande word gesaniteer/maskers is verpligtend).

- Dit is **BAIE BELANGRIK** dat ouers/voogde die geleentheid bywoon, aangesien die volgende belangrike inligting gedeel gaan word:
  - SKRYFBEHOEFTES EN ANDER BENODIGDHEDE
  - SKOOL UNIFORM
  - BELANGRIKE DATUMS VIR 2022
    (insluitend reëlings vir 10 Januarie 2022)
  - ALGEMENE INLIGTING

6.4 GRADEPLEGTIGHEID – GRAAD R & GRAAD RR

- **Hasie Kwassie leerders kom op die oggend skool toe tussen 06:45 – 07:25.**

Datum : 8 Desember 2021

Plek : Skoolsaal

Tyd : 08:00 vir 08:30

Let wel:

- Die hek sal om 08:00 oopgesluit word en om 08:20 gesluit word. **Verrigtinge begin stiptelik** om 08:30.
- Ouers sal voor die saal hande saniteer en die bywonings-register teken.
- Elke Hasie Kwassie leerder mag slegs 2 volwassenes hê wat die funksie bywoon, om te verseker dat korrekte Covid-protokol gevolg word.
- Hasie Kwassie leerders sal na die Gradeplegtigheid saam met hul ouers huistoe gaan.

KLEREDRAG
(Onthou: Leerders moet reeds voor 07:25 in hul klasse wees).

Dogters:
Groen Hasie Kwassie T-hemp
Denim kortbroek
Kaalvoet
Hare: Twee poniesterte met blou en groen linte.

Seuns:
Groen Hasie Kwassie T-hemp
Denim kortbroek
Kaalvoet
Hare: Netjies gekam.

ONS SIEN BAIE UIT NA DIE SPESIALE GELEENTHEID!

6.5 GRAAD 1 - 2022

Dankie vir die inskrywings-dokumente wat reeds terugontvang is.

Ouers wat nog nie ‘n aanbod/offer vir ons skool per sms of op die GDE-stelsel ontvang moet asseblief nie bekommerd wees nie. Sodra u voltooide inskrywingsdokumente deur die skool terugontvang is, en die eerste bedrag betaal is, is die inskrywing amptelik.

Indien u ‘n offer vir ons skool ontvang moet u dit op die stelsel aanvaar. Offers sal nog deur die GDE uitgestuur word tot begin Desember.

Indien die stelsel “placed” aandui, is die leerder reeds geplaas en is dit nie nodig om die op die GDE-stelsel te aanvaar nie.

Indien u onseker is oor enige iets of enige navrae het stuur asseblief ‘n e-pos na naomi@riebie.co.za

7. Finansies

BAIE DANKIE AAN AL DIE OUERS WAT HUL SKOOLGELDE GETROU BETAAL. DIE JAAR STAAN EINDE SE KANT TOE EN ONS RIG 'N VERSOEK AAN OUERS OM ASSEBLIEF SO GOU MOONTLIK ALLE AGTERSTALLIGE SKOOLGELDE TE BETAAL.

ONS WAARDEER U SAMEWERKING EN PLIGSGETROUE ONDERSTEUNING.

BANKBESONDERHEDE

Naam	: LAERSKOOL VAN RIEBEECKPARK
Bank	: FNB (TJEK REKENING)
Takkode	: 205609
Reknommer	: 62749134243
Verwysing	: Gr R + Kind se naam & van

- Kontak Me Liesl van Straaten in die finansiële kantoor vir enige navrae.

8. Wagklas

HASIE KWASSIE
VERDAAG TUSSEN
11:15 - 11:30

GEEN LEERDER MAG VROEËR AFGEHAAL WORD NIE.

DIE NASKOOLSENTRUM IS OOP VIR NASKOOL-LEERDERS.

NB:
GEEN SNOEPIE OF VRYDAE



LYNETTE | SONJA | CATHY | ANKE | VERUSHKA